Inleiding tot Kriminologie **November 2007**

A. VOLG VAN INSTRUKSIES

Baie kandidate het nie die duidelike instruksies gevolg nie.

Baie kandidate het baie punte verloor as gevolg hiervan.

1. Die vraestel het aangedui dat ses vrae beantwoord moet word.
- Baie kandidate het AL AGT vrae beantwoord
- Nasieners het net die eerste SES nagesien

2. Die vraestel het vereis dat volsinne gebruik moes word. Kandidate wat puntsgewys geantwoord het, het punte verbeur.

3. Die vraestel het vereis dat vrae en onderafdelings van vrae behoorlik genommer moet word. In sekere gevalle is vrae en onderafdelings verkeerd genommer.

4. Baie kandidate het nie elke nuwe vraag bo-aan ‘n nuwe bladsy begin nie.

B. PRESTASIE VAN KANDIDATE IN VERSKILLENDE VRAE

Die analise is gegrond op die prestasie van voltydse kandidate.

1. GOED BEANTWOORDE VRAE

Vraag 1 (Verpligte vrae)

- Hierdie vraag het bestaan uit WAAR-of-VALS-vrae, pas-vrae en woordkeusevrae.
- Swak kandidate kon goeie punte behaal.
- Vrae wat verg dat kandidate definisies moet gee is egter sleg beantwoord, bv, jurisdiksie, vervolging, dekriminalisasie.

Vraag 2 (Kortvrae)

- Swak kandidate kon goeie punte behaal want hulle hoef nie lang verduidelikings te gee nie.
- Sommige kandidate het nie ‘n goeie kennis van die volgende nie:
  (a) verskillende vorms van ontslag (2.10)
  (b) die voorsittende beamptes in die verskillende howe (2.9) Baie kandidate verstaan nie wat ‘n voorsittende beampte is nie

Vraag 4 (Die gevolge van misdaad)

- ‘n Vraag wat goed voorberei is deur die kandidate
- Kandidate het ‘n goeie kennis van en insig in hierdie tema
- In sekere gevalle het kandidate volpunte behaal.

Vraag 5 (Die klassifikasie vn misdadigers)

- n Vraag wat goed voorberei is deur die kandidate
- Kandidate het ‘n goeie kennis van en insig in hierdie tema
- In sekere gevalle het kandidate volpunte behaal.
- Sommige kandidate het egter die bendemisdadiger verwar met die verskillende tipes jeugbendes en het dus baie punte verloor.

2. VRAE WAARIN KANDIDATE SWAK PRESTEER HET

Vrae wat verg dat kandidate definisies moet gee, bv. dekriminalisasie, jurisdiksie

Vrae wat anders as vorige jare gestel is, maar wat op dieselde inhoud gebaseer is, bv vraag 3.5 en 6.4 .

Vraag 3 (Oorsake van misdaad)

- Die vraag is anders gestel as vorige jare en het bepaalde kennis getoets.
- Swak kandidate en tweedetaalkandidade het dit moeilik gevind om die relevante inhoud uit te lig. Hulle het antwoorde gegee wat met die vraag verband hou maar wat nie die vraag beantwoord het nie. Bv. Vraag 3.5

Vraag 6 (Die voorkoming van misdaad)

- Sommige vrae is anders gestel as gedurende vorige jare en het spesifieke inhoud benodig. Bv. Vraag 6.4
- Kandidate moes verduidelik waarom dit belangrik is dat die skoolleerplan aan die behoeftes van kinders moet voldoen maar baie het die rol van die onderwyser verduidelik.

Vraag 7 (Kriminele regspleging)

- Baie kandidate het die vraag vermy.
- Baie het sleg in hierdie vraag gevaar. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat baie kandidate nie van hierdie tema hou nie want dit is lank en hulle vind dit vervelig.
- Kandidate het veral nie die redes geken waarom polisieforums gestig word nie. (Hierdie vraag word selde gevra)
- Kandidate het ook gesukkel met die vraag oor die paroolstelsel, veral die die doelstellings met die paroolstelsel.
- Baie kandidate het ook die rehabiltasiemetodes verwar met die beroepsopleidingsprogramme van die korrektiewe dienste.

Vraag 8 (Patologiese Verskynsels)

- Kandidate het oor die algemeen sleg gevaar.
- Die nasieners het gevoel dat kandidate in hierdie vraag goed kon presteer.
- Kandidate het nie geweet wat die voorbeelde en uitwerking van kalmeermiddels, opsnuifmiddels, stimulante en hallusinerende middels is nie.
- Kandidate het ook die nagevolge van alkoholmisbruik vir die alkoholis verwar met die gevolge vir die alkoholis se familie.
- Die meeste kandidate was goed bekend met die verskillende tipes prositute.

C. TAALPROBLEME

- Dit is opmerklik dat die meeste van die deeltydse kandidate taalprobleme het.
- Spelling en taal was ‘n groot probleem hierdie jaar.
- Dit is kommerwekkend dat hierdie kandidate tot Graad 12 gevorder het.
- ‘n Groot probleem is ook dat Afrikaanssprekende kandidate in Engels geskryf het.

Bv. Inaf = enough
Judch/ jits – judge
Walfe = welfare
Merda = murder